# GENESIS

# Die Ou Testament

Die Ou Testament bestaan uit 39 boeke



- Pentateug beteken bloot **"vyf boeke"**
- Torah beteken die vloei van **'n pyl** van 'n boogskutter se boog of die beweging van **'n vinger** van'n onderwyser wat sy vinger wys vir ‘n student vir  sy/haar lewenswandel.

- **Genesis** – Instruksie, van hoe alles ontstaan het wat God se doel was, wat alles verkeerd geloop het en wat God gaan doen om alles te herstel.
- **Exodus** – God se verlossing en wil vir mense se lewens
- **Levitikus** – Hoe ons moet aanbid en die geestelike ritmes van geloof
- **Numeri** – Die rekord van God se verlossing en getrouheid
- **Deuteronomium** – Tweede wet en bevestiging van hoe God se volk in ‘n beloofde land moet leef

# Genesis - die “oorsprong” in Grieks of wyse van vorming van iets:

Instruksie, van hoe alles ontstaan het wat God se doel was, wat alles verkeerd geloop het en wat God gaan doen om alles te herstel.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (Gen 1:27 AOV)

# Tydlyn



Die Ou Testament
God bring verlossing deur die volk Israel
2300 jaar
WET
Abraham
Isak
Jacob
Josef
(vaders van Israel)
Moses
Adam en Eva val in sonde
Die GROOT
Saul
Dawid
Salomo
Israel se Konings
N
722BC
Siviele oorlog (2Konings)
586BC
S
Ballingskap
Noag se Ark
400 jaar van slawerny
40 Jaar van dwaal
12 Stamme van Israel
Genesis
Eksodus
Levitikus
Numeri
Deuteronomium
Geskiedenis Boeke
Israel as soewereine nasie
Josua - Ester
Poësieboeke
Persoonlike uitdrukkings van geloof
Job - Hooglied
Die Torah
Skepping en die begin van die volk Israel
Profete
Boodskappe van God se woordvoerders
Jesaja - Maleagi

# GENESIS

| | Skepping | Sondeval | Vloed | Nasies | Abraham | Isak | Jakob | Josef |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Hoofstukke** | 1 - 2 | 3 - 5 | 6 - 9 | 10 - 11 | 12 - 25 | 26 - 27 | 28 - 36 | 37 - 50 |
| **Begin** | **Begin van die mensdom** | | | | **Begin en voorbereiding van God se volk** | | | |
| **Resultaat** | **Verwarring en verstrooing** | | | | **Gebondenheid in Egipte** | | | |
| **Geskiedenis** | **Oergeskiedenis** | | | | **Patriargale geskiedenis** | | | |
| **Kronologie** | **2000 jaar** | | | | **+/- 300 jaar** | | | |
| **Fokus/Klem** | **4 Groot gebeurtenisse** | | | | **4 prominente mense** | | | |
| **Sleutelwoorde** | "In die begin" (1:1)<br>Stamboom/Geskiedenis - Toledaw (5:1; 6:9; 10:1; 11:10; 11:27; 25:12; 25:19; 36:1; 37:2) | | | | | | | |
| **Tema** | Hoe alles ontstaan het, wat verkeerd geloop het en wat God doen om die mens te verlos | | | | | | | |
| **Sleutelverse** | 1:1; 3:15; 12:3 | | | | | | | |
| **Christus in Genesis** | In Genesis 1-2 Belofte in die nageslag van die vrou (3:15; Melgisedek die hoë priester (14:18;<br>In die vernedering en verhoging van Josef (37 - 50) | | | | | | | |

# BYBELSE TYDLYNE



# GENESIS TYDLYN



# Wie het die boek geskryf?

- Moses, die profeet en verlosser van Israel, as die skrywer van die hele Pentateug—die eerste vyf boeke van die Ou Testament.
- Sy opvoeding in die howe van Egipte (Handelinge 7:22) en sy hegte gemeenskap met Yahweh – die Hebreeuse naam vir God – ondersteun hierdie uitgangspunt.
- Jesus self het Moses se outeurskap bevestig (Johannes 5:45–47), net soos die skrifgeleerdes en Fariseërs van sy tyd (Matteus 19:7; 22:24).

# In die begin het God die hemel en die aarde geskape. (Gen 1:1)

- Vir enige iets om tot stand te kom het jy tyd nodig
- Ruimte – die Hemel
- Materie nodig
- Energie – Iets of iemand wat dit kon veroorsaak het -originator

# Die een vers reken af met alle valse filosofie van die oorsprong en betekenis van die wêreld.

1. Ateïsme – daar is ‘n God wat alles geskep het
2. Panteïsme-  God is onderskeibaar en bo alles
3. Politeïsme – Daar is een God
4. Materialisme – Materie het ‘n begin gehad
5. Dualisme – God was alleen toe alles geskape is
6. Humanisme – God en nie mens nie is die uiteindelike realiteit
7. Evolusie – God het alles geskape

בראשית ברא אלהים את הארץ ואת השמים

- 28 Letters
- 7 woorde X gemiddeld van 4 letters per woord
- 7 Perfekte getal
- 4 Aarde se getal


בראשית
ברא
אלהים
את
הארץ
ואת
השמים

בראשית ברא אלהים את הארץ ואת השמים

die aarde en die hemel 'êṯ God skape die begin

↓

**Onvertaalbare akkusiewe "particle" deeltjie**
**(Aleph Tav)**

| Oergeskiedenis | Patriargale Geskiedenis |
|---|---|
| Fokus menslike geskiedenis | Fokus is geskiedenis Israel |
| Temas is sonde, vloek en oordeel | Temas is verlossing en seën |
| Pas is vinnig en tyd lank | Pas is stadig en tyd kort |
| Begin met een man se ongehoorsaamheid en sonde: Adam | Begin met een man se gehoorsaamheid en geloof: Abraham |

# Die oorsprong van die wêreld kom in sewe hoof momente voor

1. Die verhaal van God en die skepping van die wêreld Gen.1
2. Die skepping van die mens Gen.2
3. Die sonde van die mens Gen.3
4. Die weg van die sonde van die mens Gen.4
5. Die geskiedenis van die eerste mense Gen.5
6. Die verhaal van Noag, sonde en genade Gen.6-10
7. Die verhaal van opposisie teen God Gen.11

# Genesis 12-50 God se belofte

- Abraham se verhaal - Genesis 12:1-25:18 – Vader van beloftes
- Isak se verhaal - Genesis 25:19-28:9 – Gawe van die belofte
- Jakob se verhaal - Genesis 28:10-36:43 – Die een wat geworstel het met God se belofte
- Josef se verhaal - Genesis 37:1-50:26 – God hou sy beloftes ten spyte van omstandighede